BYBELSTUDIE OPENBARING LES 3: HOOFSTUK 1:7-8.

Openbaring gaan nie net oor wat Jesus vir ons gedoen het en nog vir ons beteken nie [1:5-6]. Dit gaan ook oor die toekoms. In vers 7-8 word die tema van die boek verduidelik. Dit is die aankondiging van Jesus Christus se wederkoms en ’n proklamasie van God se heerskappy en almag.

1. LEES: Openbaring 1:7 [Kyk, Hy kom met die wolke]; Eksodus 13:21; 40:36-38; Matteus 24:30 en Hebreërs 12:1.
   Jesus Christus kom met die wolke. Hoe moet ons die wolke verstaan waarmee Hy volgens vers 7 kom?

2. LEES: Openbaring 1:7; Daniel 7:13; Sagaria 12:10; Matteus 24:30; 26:64.
   Wie sal vir Jesus Christus sien kom met die wederkoms?

3. LEES: Openbaring 1:7 en Matteus 16:27.
   Alle mense gaan Jesus Christus met sy wederkoms sien – en almal wat Hom verwerp het, sal dan in selfverwyt weeklaag. Die Ou Vertaling sê: hulle sal oor Hom rou bedryf. Waarom sal hulle so hartseer en vreesbevange wees?

4. LEES: Matteus 16:27 en Openbaring 20:11-15.
   Almal sal met die eindoordeel voor die regterstoel van God verskyn – gelowige en ongelowige. Maar hoe moet ons as gelowiges die eindoordeel verstaan?

5. LEES: Openbaring 1:4 en 1:7.
   Vers 4 verduidelik dat dit die Vader is wat kom terwyl vers 7 verduidelik dat Jesus Christus met die wederkoms kom. Hoe moet ons dit verstaan?

6. LEES: Openbaring 1:8.
   God openbaar Homself as die Alfa en die Omega. Wat beteken dit alles?

7. LEES: Jesaja 44:6; Openbaring 1:8; 1:17; 21:6; 22:13.
   Volgens Jesaja 44:6 is God die Eerste en die Laaste. Hy is die Alfa en die Omega. So eis God die uitdrukking vir Homself op. Lees die onderskeie verse in Openbaring en bepaal Wie by elkeen die Eerste en die Laaste, die Alfa en die Omega is. Wat beteken dit?

B. ANTWOORDE.

1. Dit val op dat daar met Jesus se hemelvaart en wederkoms sprake is van wolke. Volgens Eksodus is wolke in die Bybel beeld van God se teenwoordigheid – van sy goddelike krag en heerlikheid. Omring met hierdie heerlikheid gaan Jesus Christus ons tyd en wêreld inkom. Ons weet egter ook dat die Here Jesus se verskyning waarskynlik gepaard gaan met ’n wolk van mense en engele saam met Hom. Dit is die siele van die ontslapenes – net soos die wolk van getuienis waarvan Hebreërs 12:1 praat.
2. In vers 7 kombineer Johannes Daniel 7:13 en Sagaria 12:10. Hy doen dit op ’n besondere wyse. Hy gebruik die Ou Testament meer as enige ander skrywer in die Nuwe Testament, maar hy haal nooit direk aan nie. Hy verwerk dit altyd. In hierdie geval pas hy ’n profesie wat oor Israel uitgespreek is [deur Sagaria], op alle nasies toe. Letterlik alle mense sal Jesus Christus sien kom: almal wat leef en wat gelewe het. In Matteus 26:64 pas Jesus Psalm 110:1 en Daniel 7:13 op Kajafas en die Joodse Raad toe. Ook hulle sal Hom met die wederkoms sien kom.
3. Juis omdat hulle weet dat die eindoordeel van God op hulle wag.
4. Alle mense verskyn ten tye van Jesus Christus se terugkeer voor die oordeel van God. Niemand sal op die laaste dag afwesig wees nie.
   Volgens Openbaring 20:11-15 gaan God aan die eenkant oordeel oor wat mense gedoen het. Mense se dade geld hier as die norm waarvolgens hulle geoordeel word. Volgens Johannes word al die dade in die hemelse boeke neergeskryf.
   Maar daar is ook ’n ander kant: party mense word nie geoordeel volgens wat daar in hierdie boeke geskryf staan nie. Hulle dade word nie meer opgeskryf nie, want hulle name staan in ’n ander boek – dit is die boek van die lewe.
   Daarom: God oordeel op die laaste dag op een van twee maniere. Hy kyk óf na mens se dade óf na hulle name.as mense se dade in die boek van die werke geskryf staan, wag die oordeel en die ewige dood. Maar as mense se name in die boek van die lewe staan, is die Nuwe Jerusalem hulle voorland.
   God hou dus nie meer boek van gelowiges se dade nie. Gelowiges se skuld is immers aan die kruis vasgespyker [Kol.2:14].
5. Ons moet onthou dat Jesus Christus na sy hemelvaart met koninklike en goddelike heerlikheid heers. Dit is met daardie goddelike heerlikheid en eenheid waarmee Hy kom.

6. Die Alfa en die Omega is die eerste en die laaste letter van die Griekse alfabet. Daarmee sê God dat Hy die oorsprong – die begin van alle dinge is – maar ook die einde [die doel]. Hy is dus Allesomvattend en Allesinsluitend. Alles is onder sy beheer – die stoflike en die geestelike dinge.
7. 1 vers 8: God noem Homself Alfa en Omega.
   1 vers 17: Jesus Christus noem Homself die Eerste en die Laaste.
   21 vers 6: God noem Homself Alfa en Omega, die Begin en die Einde.
   22 vers 13: Jesus Christus noem Homself Alfa en Omega, die Begin en die Einde.
   Dit dui baie sterk op ’n bepaalde gelykheid tussen God die Vader en Jesus Christus. Daar is ’n hegte eenheid tussen Vader en Seun.

****